Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Alexandra Henriques**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Alexandra.Henriques@westerncape.gov.za | 021 467 2767

Lêerno.: 18/5/1/Masiqhame Trading 1057 CC
Verwysing: 20230313-2425

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0004/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle nie-artikel 21 gewone openbare skole

**Onderwerp: Aanlyn bestelling van skryfbehoeftes, skoonmaakbenodigdhede, tuin- en elektriese voorraad in die 2023/24-boekjaar vir alle nie-artikel 21 skole**

1. Skole word hiermee in kennis gestel van die geleentheid, vanaf 22 Mei tot 02 Junie 2023, om skryfbehoeftes, skoonmaakbenodigdhede, tuin- en elektriese voorraad vir gebruik in 2024 aanlyn te bestel.

2. Hierdie minuut moet in oorleg met Omsendbrief 0033/2022 van 19 September 2022 gelees word.

3. Skole word daaraan herinner dat twee afsonderlike driejaarkontrakte wat deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) gesluit is om skryfbehoeftes, skoonmaakbenodighede, tuin- en elektriese voorraad te bestel en op 30 April 2024 sal verstryk, deur Masiqhame Trading 1057 CC gehou word. (Verwys in hierdie verband na Omsendbrief 0025/2021 van 20 Mei 2021 en Omsendbrief 0027/2021 van 01 Junie 2021.)

4. Neem asseblief kennis dat die skryfbehoeftekontrak BWCED 2875/20 en die skoonmaakbenodighedekontrak BWCED 2876/20, onderskeidelik vir die voorsiening en aflewering van skryfbehoeftes en skoonmaakbenodighede, aan die genoemde diensverskaffer toegeken is en dat die WKOD slegs bestellings vir kontrakitems by hierdie verskaffer sal plaas:

   Masiqhame Trading 1057 CC
   Posternweg 4
   EDGEMEAD
   Wes-Kaap
   7441

Telefoonnommer: 021 558 9947
E-pos: masiqhametrading@lantic.net
Kontakpersoon: Mnr. G Daniels

5. Riglyne sal op SOBIS gelaai word om die vaslegging en aftekening van bestellings vir skryfbehoeftes en skoonmaakbenodigdhede te verduidelik.

6. Skole mag slegs hul aanlyn bestellings vir die items op die aangehegte katalogusse vir skryfbehoeftes en skoonmaakbenodighede plaas (hierby aangeheg). Neem asseblief kennis dat die katalogusse wat aangeheg is, slegs vir een jaar geldig is, d.w.s. tot 30 April 2024.

7. Let asseblief daarop dat die kontrak nie voorsiening maak vir die lewering en aflewering van inkhouertjies en kopieerpapier nie. Hierdie items, sowel as ander items, wat nie in die katalogus uiteengesit is nie, sal afsonderlik aangevra word deur kwotasies wat deur die *eProcurement Solution* ingewin word. Skole moet rekwisisies (WKOD-026-vorms) teen nie later nie as 02 Junie 2023, aan die kantoor vir leer- en onderrigondersteuningsmateriaal stuur vir die aandag van mnr. Bernard Stoffels (tel. 021 467 2345 of per e-pos by Bernard.Stoffels@westerncape.gov.za).

8. Daar sal van skole verwag word om hul norme-en-standaarde- (N&S-) befondsing vir plaaslike aankope te gebruik om al hul skryfbehoeftes en skoonmaakbenodigdhede te dek. Dit is dus baie belangrik dat skole noukeurig beplan hoe hulle hul N&S-befondsing gaan bestuur om die beskikbaarheid van voldoende fondse vir hul behoeftes te verseker. Ten einde skole in hierdie verband te help, sal hul afleweringsdatums, bestellings en die waarde daarvan bevestig word sodra hul bestellings uitgereik is.

9. Skole word aangemoedig om van hierdie geleentheid gebruik te maak om al hul skryfbehoeftes en ander genoemde benodighede vir 2024 te bestel.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke amptenare.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2023-04-17